21 Movies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# The Incredibles

## Rigters 6:11-19

*In "The Incredibles" glo die mense dat hierdie superhelde met hulle kragte meer skade as goed doen. Daarom word hulle verbied om wonderdade te doen.*

*Die Parr-gesin word gedwing om in 'n Gideon-parskuip van middelmatigheid weg te kruip(v11). Ook vir Gideon kon dit nie maklik gewees het nie. Sy familie was arm. Hy was nie sy pa se spogkind nie(v15).*

*In die fliek wag 'n seuntjie op 'n driewiel elke dag vir Bob Parr. "Waarvoor wag jy?" wil Bob weet. "Ek weet nie. Miskien vir iets ongelooflik om te gebeur," antwoord die seuntjie.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*So wag die Here ook voor ons elkeen se parskuip. Want sedert Adam en Eva se tyd kruip mense ook weg om hulle Midian in die oë te kyk. (Bybel24/7)*